

**23 Junie**

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4:1-6**  
**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 4:6**

### **Die wonder van ons wedergeboorte**

In die begin was die aarde woest en leeg, die ene duisternis, maar God het gesê: “Laat daar lig wees!” En daar was lig. So het God alles wat bestaan as 'n absolute wonder geskep.

Net so wonderbaarlik is God se herskeppingswerk wat Hy elke dag in menseharte doen. Elke mens begin in die duisternis van ongeloof. Deur die sonde is God se heerlijkheid vir ons bedek. Ons kan sy heerlijkheid nie sien nie. So skryf Paulus in vers 4.

Só sou dit gebly het as God ons nie herskep het nie. In sy genade kom God na elkeen wat Hy uitverkies en Hy sê: “Laat daar lig wees!” Hy verdryf die duisternis van die ongeloof uit ons harte en laat die lig van die geloof daarin skyn. “Wedergeboorte”, noem die Skrif dit elders.

Hoe laat God dit gebeur? Wedergeboorte is herskepping, wat God, net soos met die skepping aan die begin, in Christus laat gebeur. In vers 6 verduidelik Paulus hoe God ons in Christus herskep: “God verlig ons met die kennis van die heerlijkheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal.” Dit wil sê: God het Christus aan ons bekend gemaak. En as ons Christus ken, ken ons God. In Christus sien ons God as die Here van alle dinge aan Wie alle heerlijkheid en eer toekom. Om God só te ken en te eer, is om wedergebore te wees.

Ons wedergeboorte is dus eenvoudig wonderlik en tog ook wonderlik eenvoudig. Wonderlik, omdat dit die werk van God is en eenvoudig, omdat dit beteken dat ons God waarlik ken.

*Sing: Psalm 66:7*

*Prof. GJC Jordaan (Teologiese Skool)*